

**DOELWIT:** Lees, interpreteer en teken 'n tellingtabel.

**HULPBRONNE:** Skryfpapier; Skryfbehoeftes; Internet;  
Handboek (*Almal Verstaan Wiskunde*)

**LES:**

### 1. Hoofreken:

Doen die volgende somme (mondelings/skriftelik).

$$\begin{array}{cccc}
 6 \times 1 = & 2 \times 12 = & 9 \times 8 = & 5 \times 6 = \\
 6 \times 4 = & 3 \times 5 = & 40 \div 10 = & 7 \times 9 = \\
 80 \div 10 = & 56 \div 7 = & 11 \times 10 = & 45 \div 9 = \\
 42 \div 6 = & 9 \times 12 = & 30 \div 5 = & 7 \times 11 = \\
 24 \div 12 = & 6 \times 11 = & 121 \div 11 = & 9 \times 4 =
 \end{array}$$

### 2. Aktiwiteite:

2.1. Klik ("click") op die onderstaande webskakel en kyk na die Afrikaanse video wat 'n oorsig oor datahantering bied. Let veral op hoe tellingtabelle geteken word.



**Datahantering:** <https://www.youtube.com/watch?v=1EfdymMTokw>

2.2. Ons gaan vandag net op **tellingtabelle** fokus.

### BELANGRIKE KONSEPTE:

- 'n **Tellingtabel** kan ook 'n **frekwensietabel** genoem word.
- 'n Tellingtabel moet die volgende hê:
  - **Kolomme**
  - **Opskrifte** in kolomme
  - **Name** van dit wat getel word
  - **Telmerkies**
  - **Totale** van die telmerkies
- Telmerkies** word soos volg getel:  
**I = 1 (een)**    **II = 2**    **III = 3**    **IIII = 4**    **IIII = 5**

### VOORBEELD

Leerders se gunsteling koeldrank	Telling	Totaal / Frekwensie
Coke	IIII III III III	18
Fanta	IIII III IIII	14
Sprite	IIII I	6
Cream Soda	IIII III III III II	22



Merk elke dag  
jou werk sodra  
jy klaar is.

2.3. Gebruik jou handboek en doen die volgende:



**Aktiwiteit 1 Bl.60 no.1-2**

(Tek en voltooi eers die tellingtabel by no.1 voordat jy die vrae beantwoord.)

**ANTWOORDE:**

**1. Hoofreken:**

$$\begin{array}{cccc}
 6 \times 1 = 6 & 2 \times 12 = 24 & 9 \times 8 = 72 & 5 \times 6 = 30 \\
 6 \times 4 = 24 & 3 \times 5 = 15 & 40 \div 10 = 4 & 7 \times 9 = 63 \\
 80 \div 10 = 8 & 56 \div 7 = 8 & 11 \times 10 = 110 & 45 \div 9 = 5 \\
 42 \div 6 = 7 & 9 \times 12 = 108 & 30 \div 5 = 6 & 7 \times 11 = 77 \\
 24 \div 12 = 2 & 6 \times 11 = 66 & 121 \div 11 = 11 & 9 \times 4 = 36
 \end{array}$$

**2. Aktiwiteite:**

2.3. Aktiwiteit 1 Bl.60 no.1-2

1)

Aktiwiteite wat leerders oor naweke doen	Telling	Totaal / Frekwensie
Lees	HHH HHH HHH	15
Kyk TV	HHH HHH HHH II	17
Luister na musiek	HHH II	7
Speel speletjies	IIII	4
Oefen	II	2

- a) 45 antwoorde                      b)  $17 - 15 = 2$  meer  
c)  $45 - 17 = 28$  leerders            d) 15 uit 45 hou van lees en as 'n breuk skryf ons dit as :  
 $\frac{15}{45}$  of  $\frac{3}{9}$  of  $\frac{1}{3}$  (antwoord moet 'n breukdeel wees)  
e) 4 leerders                              f) Ja.  
Gr.3-leerders sal dalk meer hou van speel en TV-kyk.  
Gr.3-leerders sal dalk minder hou van lees en musiek.  
(no.1f - Antwoorde kan dalk verskil)

2)

Rommel wat tydens pouse opgetel is	Telling	Totaal / Frekwensie
Papier	HHH HHH HHH	15
Potlode	IIII	4
Bokse	HHH II	7
Boeke	III	3
Toebroodjies	HHH HHH II	12
Lekkergoedpapiere	HHH HHH HHH HHH II	22
Appelstronke	HHH HHH HHH II	17
Piesangskille	HHH I	6

(Die volgorde van die verskillende soorte rommel maak nie saak nie, maar die totale moet reg wees.)